

Nomades Voetslaanklub roeteterugvoer.

## Slagthoek Basiskamp Stappe.

12 tot 14 Oktober 2018, Middelburg/Loskopdam  
Slagthoekkamp : S25 35 31.7, E29 13 13.6

“Nege Nomades het die groep gevorm. Hulle is: Jan & Corrie du Preez, Magda Grobler, Renee & Wouter Crous, Marius Stander, Jannes van Ryssen, Dave & Wilma Hale.

Ons ry Via Middelburg, op met die N11 en en draai af by 'Bankplaas'. Dan nog baie km's grondpad. (~23km?).

Die kombinasie slot by die hek word oorwin en dan nog

bietjie sanderige grondpad. Dan skielik

'n meer meer natuurlike habitat. Bosse

en klipperige pad. Mooi rustig ry oor

die klippe wat uitstaan in die pad, maar

heel doenbaar met 'n standaard

voertuig. Die laaste 50m is 'n baie

klipperige paadjie an dan by die

Slagthoek - huis. Vroer jare (sowat 4

jaar+) gelede het die stappers nog in

die hoofhuisdeel (links op die foto) met

sy sitkamer en groot kombuis gebly.

Nou is die motorhuis(destyds) omskep in 'n 'Stappers

kwartiere' met 'n kamer wat 10 slaap, ook 'n kamer van

die ou deel van die huis wat 6 slaap en 'n badkamer met 1 stort, 1 bad en toilet.

Buite agter die huis is ook 'n

kliphuisie met 2 beddens en ook 'n badkamertjie by wat sekerlik as die 'kombuis' vertrek dien met 'n wasbak

en werksarea. Dus 18 enkel en 1 *meer* stukkende lendelam ¾ bed. Buite nog 'n toilet en stort. Warmwater is

per Donkie. Daar word gesê daar is geen krag nie, maar toe 'n dame haar geluk toets en 'n haardroëer by 'n

prop inprop werk dit. Daar is geen gloeilampe in die lighouers in die dak nie, dus weet mens nie of dit ook sou

kon werk nie. Ons was egter hierop voorbereid en het heel goed oor die weg gekom met 'n paar persone se

'led-lanterens' en eie flitse.

Ons moes ook ons eie gas-silinders saamneem vir die vries/yskas wat nie gewerk het nie(Anvie het het vooraf

gewaarsku) en die tweekraan, wat toe nie daar was nie. Malcolm, die terein bestuurder kom darm vr 'n

kookring leen vir een van ons gasbottels.



Ons prakseer 'n braai met 'n ou drom en rondawel-dakkie-bokant sodat onder die dak kan braai. As die foto verwarrend voorkom, ons het die 'dakkie' omgedraai en binne-in gebraai.



Saterdag om 8:00 na die groepsfoto, begin ons die 'God's Window Loop' wat op die stappers kaart wat as 12km aangedui word stap. Baie duidelik met wit verf kolle en pyle gemerk. Die paadjie is ook goed oopgesny en ons het geen probleme gehad om die roete te vind nie. 7:00 het dit nog ernstig gedonderweer en gesous, sommige het nog tot 7:30 in die bed gelê, maar toe die reen stop en die son koppie uitsteek, is almal gereed om te stap.



Die roete begin aanvanklik redelik plat, en dan begin die 'klip'woude. Vreemde formasies en ligene. 'n Doolhof deur die klippe. Dan 'n paar uitkykpunte waar ons vergesigte het oor die rivier daar onder ons. Later bietjie getwyfel by 'n kruispunt, met bordjies wat waarskynlik gedraai het, maar ons sorteer die rigting uit en neem die regte pad. Dan kry ons 'n afdraai pad en neem die 'rowwe' pad. Rof inderdaad. Tussen



rotsblokke deur en bo-oor en klip op en af, maar o so mooi. Nie soveel van 'n paadjie as 'n goedgemerkte 'roete' nie. Dan die laaste entjie met die 'wa-pad' af tot by die riviervlak en ons stap 'n kort entjie weg om middagete langs die waters te gaan geniet. Nou is lekker rustig.

Dan nadat die magies en kameras se geheukaarte bietjie voller gemaak is, is ons oppad. Oor nog 'n kleiner stroompie of twee en dan begin daar 'n redelike oppie in 'n kloof.

Rus-Rus en kyk-kyk kom ons bo. Elkeen dink maar sy eie verskoning uit hoekom hul so gereeld stop. Party neem fotos....

Dan 'n kort entjie oor 'n redelike gelykte en dan is ons by die kamp rondom 13:30.



2018-10 M.Grobler



2018-10 W.Hale



2018-10 M.Grobler

Sondag oggend begin ons om 7:30 die 'Cycad Loop' in 'n baie ligte reentjie te loop. Na sowat 1.15km besluit ons as groep maar om om te draai. Gemengde gevoelens, mens wil mos maar klaar stap, maar veiligheid eerste. Die pad is net te nat en glibberig en die reen word weer harder. Ons weet ook later sou daar ook weer klowe en klippe en 'boulder hopping' kom en dit sou moeilik en dalk gevaarlik wees met die nat en glad daarmee saam.

Ons begin ontbyt maak. Eiers, wors wat die vorige aand gebraai is, tamatie en uie relish, brood, kaas en konfeit. Almal help weer sny en smeer en braai en later met die opruim. Heerlike weer ge-eet en saamgekuier en saamgewerk. Die besluit om toe nie die staproete te voltooi nie was sinvol. Die reen het maar net aangehou met verkillende grade van sterker met tye. Ons was sowat 12:00 terug in Pretoria.

*Dankie aan Wilma, Magda en Jannes vir jul fotos wat ook in die' terugvoer gebruik is.*

#### FINANSIES.

Uitbetalings: R2777

Anvie Ventures: R300x8 + R50 = R 2450 (Spesiale aanbod : Bespreek vir 10 en kry 2 gratis).

Brikette en Aanstekers: R62

Aankope vir Ontbyt Sondagoggend : (ms Checkers) : R265

Inbetalings: R2880

Nege Lede : R320x9 = R2880.00

Projek Suplus: R103

Groete tot 'n volgende stap.

*Marius Stander*

Vir Nomades Voetslaanclub.

Sien [www.Nomades.co.za](http://www.Nomades.co.za)

vir meer klubinligting,  
jaarprogramme  
en stapverslae.

(2018/10/15, 2019/01/14)



2018-10 J.VR



2018-10 W.Hale